NUUSBRIEF Nr. 25 **Julie 2017**

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

ALGEMENE JAARVERGADERING

Maandag, 31 Julie 2017; 09h00 vir 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

[Dokumente is beskikbaar op *www.u3astilbaai.org* (Administrasie seksie)]

MAANDELIKSE VERGADERING

(Onmiddelik na die AJV)

Jagersbosch Gemeenskapsorgsentrum

Petra Daneel

Petra Daneel is die Bestuurder van Jagersbosch Gemeenskapsorgsentrum en praat met ons oor die geskiedenis, die dienste wat aangebied word, en toekomstige planne vir Jagersbosch.

Gaste en nie-lede is welkom; toegang is gratis.

DIT EN DAT …

Junie Maandelikse Praatjie.

Daan Toerien gee 'n omvattende uiteensetting van die formele Strategiese Omgewingsassesserings proses wat die impakte van potensiële skaliegas ontginning in die Karoo bestudeer het. Hy was betrokke by die Toerisme deel van die proses en gebruik dit as 'n voorbeeld. Die assessering, gedoen onder leiding van die WNNR is die mees deeglike omgewingsassessering wat nog ooit in Suid-Afrika gedoen is, en het 'n standaard gestel vir omgewingsassesserings van soortgelykje projekte met verreikende impakte.

Jagersbosch Fonds.

Die Junie uitloting het R308 ingebring, en die TED praatjie op 28 Junie R80; R24 is ontvang van die Histories Huise van Stilbaai toer, en 'n totaal van R136 van die tweede en derde Historiese Bergpasse Uitstappies op 21 Junie en 12 Julie. Die fonds staan nou op R3,409.67.

Vir 'n volle lys van alle bydraes, sien die 'Jagersbosch Fonds' blad op ons webtuiste: *www.u3astilbaai.org*. Ons bankdetails is op die webtuiste as iemand 'n donasie wil maak.

Lidmaatskap

Ons ledetal is nou 190; tien nuwe lede het in Junie aangesluit. Welkom aan al ons nuwe lede.

Ledegeld vir 2017/18 kan nou betaal word – die bedrag bly R30 per persoon per jaar.

Vrywaring

Die kwessie van vrywaring in geval van beserings aan deelnemers aan U3A aktiwiteite het onlangs na vore gekom. Artikel 10 van die U3A Stilbaai grondwet maak dit duidelik dat, as in goeder trou opgetree word, U3A Stilbaai, die Komitee, of enige lid kan nie aanspreeklik wees vir skade, verlies of besering opgedoen deur enige persoon tydens deelname aan U3A aktiwiteite. Lidmaatskap van U3A Stilbaai impliseer

aanvaarding van die bepalings van die grondwet; dit is dus nie nodig vir deelnemers aan aktiwiteite om 'n vrywaringsvorm te voltooi nie. Die grondwet is op ons webtuiste: *www.u3astilbaai.org*.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse is net vir lede.

- **Stapgroepe** : Die groep stap elke Vrydag oggend. Kontak Cheryl op *cheryl@kmintsa.co.za*.
- **Historiese Toere** : Daar sal geen historiese Stilbaai toere wees vir die volgende paar maande nie; Hella is weg vir 'n tydjie, maar met haar terugkeer sal ons weer begin beplan.
- **Kookkuns** : Kontak Reinette op *reinetteanastagi@gmail.com* vir haar kookkuns kursus.
- **Voëlkyk vir beginners** : Die huidige kursus is byna voltooi, die volgende kursus in Augustus/September is reeds vol. Daar sal 'n Engelse kursus vroeg in 2018 wees, maar daar is nog net 2 plekke beskikbaar, kontak Johan op *rooyenvanjohan@gmail.com*.
- **Leunstoel Reise** : Die Leunstoel Reise sal later in die jaar weer begin.
- **Fotografie Groep** : 'n Fotografie groep is gestig, enige lid wat belangstel kan Lawrence by *barltrop@vodamail.co.za* kontak.

Kontak ons gerus as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, of voorstelle het vir nuwe kursusse wat ons kan aanbied. Epos: *info@u3astilbaai.org*.

TED PRAATJIE : DAAG JOUSELF UIT

Woensdag, 26 Julie 2017 om 09h30; Die Waenhuis, Jagersbosch.

Leon van Wyk is blind sedert geboorte en gee 'n boeiende insig in hoe 'n liggaamsgebrek nie noodwendig 'n belemmering hoef te wees nie. Die TED Praatjie wat gewys word is "Blindness is just another way of seeing" met Lotfi Merabet.

Lawrence Barltrop koördineer die TED Praatjies; kontak hom asseblief op *barltrop@vodamail.co.za* as julle 'n interessante onderwerp het, of as julle 'n aanbieding oor 'n spesifieke onderwerp verlang.

TED is 'n onpartydige beweging sonder winsmotief wat daarop gestel is om idees te versprei, gewoonlik in die vorm van kort, kragtige praatjies. TED het in 1984 begin as 'n konferensie waar Tegnologie, die Vermaaklikheidbedryf en Ontwerp ("**T**echnology, **E**ntertainment & **D**esign") vergader het; vandag dek dit alle vakgebiede – van die wetenskap tot die sake wêreld tot wêrelds-kwessies. Kry meer inlgting by *www.ted.com*.

UITSTAPPIES

Die tweede en derde uitstappies na die historiese passe in die Langeberg noord van Riversdal was op 21 Junie en 12 Julie; tot op datum het 'n totaal van 46 mense hierdie uitstappies geniet. Foto's van die uitstappies is op die Gallery in ons webtuiste. Ons het reeds besprekings vir die volgende uitstappie in Augustus, datum nog onseker, maar epos ons asseblief by *info@u3astilbaai.org* indien u belangstel.

KOMENDE PRAATJIES ...

Die program vir die maandelikse praatjies vir die volgende aantal maande is as volg; let wel dat dit mag verander weens onvoorsiene omstandighede:

- 28 Aug 2017: Antel van Deventer bespreek die sosiale eienskappe en uitdagings van leerders met outisme.
- 25 Sep 2017: Esma Marnewick praat oor die skryf van reisbeskrywings ("travel writing").
- 30 Okt 2017: Anna Hattingh praat oor "Living Wills".
- 27 Nov 2017: Ons het twee moontlikhede vir November, maar sal die praatjie later bevestig.

U3A Stilbaai *verbeter die lewens-kwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrig-programme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.*